Gimmie Griffie

Webtuiste: www.gimmies.co.za

20 September 2018
Uitgawe: 28

GEAGTE OUERS

Baie dankie aan al ons ouers, personeel en leerders vir 'n goeie kwartaal wat feitlik verby is.

Sterkte en voorspoed aan almal wat met die laaste toetse en evaluering besig is. U sal vroeg volgende kwartaal 'n rapport of puntestrokie met u kind se jaarpunt (gr. 8-11) ontvang.

Ek versoek alle matriekouers om asseblief die 18de Oktober ons matriekerediens en matriekprysuitdeling by te woon. Dit is altyd 'n hoogtepunt vir ons matrieks. Die rekordeksamen is afgehandel en ouers en leerders word ernstig versoek dat al die graad 12-leerders tot volgende week by die skool sal wees. Departementele moderering vind dan plaas. Ons hoop almal geniet ook die matriekafskeid volgende Donderdag.

Baie sterkte aan mev. Marié Visagie en haar gesin met die afsterwe van haar dogter, Marilette. Ons dra hulle in ons gebede op.

Baie geluk aan mev. Amanda Duvenage wat aangestel is as Departementshoof vir tale. Ons hoop sy sal baie werks-tevredenheid ervaar.

Die skool sluit Vrydag 28 September om 11:00 vir die vakansie.

Gimmiegroete,
RA Oosthuizen

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Maandag 24 September
Skoolvakansiedag

Dinsdag 25 September
Atletiek: *King Price* (Tuks)

Donderdag 27 Oktober
Matriekafskeid

Vrydag 28 September
Skool sluit

KRIEKET

Die 1ste span verloor met 18 lopies teen Rustenburg. Dawie Röntgen neem 2 paaltjies vir 22 lopies in 10 beurte. Duan Jansen teken 66 lopies aan en Robert Cameron teken 57 lopies aan.

Die 3de span verloor met 10 paaltjies teen HTS Potch se 1ste span.

Die o/15A-span wen met 12 lopies teen Rustenburg. Louis Fourie teken 91 lopies aan. Dylan Niemack en Reinhardt Röntgen neem elk 3 paaltjies.

Die o/15B-span wen met 71 lopies teen Ikageng se A-span. Janré Wentzel teken 49 lopies aan en hy neem ook 3 paaltjies vir 18 lopies.

DOGTERSKRIEKET

Baie geluk aan die dogterskrieket wat teen Matlosana gewen het. Ané van Wyk het 53 lopies van 30 balle aangeteken en 4 paaltjies gevat. Anica Swart het 34 lopies aangeteken en 4 paaltjies gevat.

TENNIS

Die NW-junior tennisproewe se inligting is by mee. Hanlie Smuts en Nadia Malan beskikbaar. Indien u die inligting per e-pos wil ontvang, kan u me. Smuts kontak.

Ons versoek alle tennisspelers om asseblief aan die proewe deel te neem. Die sluitingsdatum vir inskrywings is 30 September en word aanlyn gedoen. Ouderdomsgroepe is o/14, o/16 en o/19. Ander ouderdomsgroepe geskied op uitnodiging.

VERBRUIKERSTUDIES-OLIMPIADE

Baie geluk aan die volgende graad 12-leerders wat onder die top 10 geëindig het: Robin Green, Estelle van Tonder en Anri Venter. Al drie leerders het presies dieselfde punt behaal en is dus die streekwenners van Noordwes.

Rienje Toxopëus word ook aangewys as die algehele graad 11-wenner.

Die volgende leerders is onder die top 100 uit 3000 inskrywings: Anchen Bisschoff, Lené Prinsloo, Bianca Stark en Karli Steyn.

GIMMIE-HERO

Keaghan Plaatjies is September se Gimmie-hero vir sy eerlikheid. Hy ontvang *'n Mug and Bean*-bewys, geborg deur *Quottro Fuels*.

Baie dankie aan Simoné van *Quattro Fuels* vir julle bydrae om hierdie prys moontlik te maak.

MATRIEKAFSKEID

Alle belangstellendes kan vanaf 16:00 by Mooivallei na die matrieks gaan kyk. U moet reeds teen 15:45 op die C-rugbyveld parkeer en u plekke op die pawiljoen inneem.

Die matrieks sal van 16:00 tot 18:30 op die rooi tapyt voor die pawiljoen verbystap.

SNOWFLAKE PROGRAM 4-6 OKT

TYE	VRYDAG 5 OKT	SATERDAG 6 OKT
5-6 pm	Cherry Vynil	Ghapi
6-7 pm	Anton Goosen	Ch2
7-8 pm	Ghapi	Ghapi
8-9 pm	Saarkie	Matthew Mole
9-10 pm	Tussen Sterre	Cherry Vynil
10-11 pm	Ghapi	Like
11-12 pm	Cherry Vynil	SnowflakePotchefstroom

SNOW flake

mark
Experience Goodness

SATERDAG 6 OKT 10:30

DONDERDAG 4 OKT 18:00

BOBBY & KARLIEN
in ons skaene